JACOB ROOI IN JOHANNESBURG
jrooi@rapport.co.za

Suid-Afrika se sukses met die Wêreldbeker-sokkertoernooi het dalk talle kundiges in die buiteland weer laat dink oor hul geboorteland, maar hulle sal nie sommer oppak en terugkeer soos berigte dit wil hê nie.

Enkele uitgewekenes het die afgelope week aan *Rapport* vertel hoe trots hulle was op die sukses wat Suid-Afrika van die uitdaging gemaak het.

Me. Sharon Kimber, voorheen 'n werknemer van die Kaapse Skiereiland-Universiteit vir Tegnologie wat met haar gesin in Australië woon, sê die toernooi het haar beslis daaraan herinner dat "Suid-Afrika 'n buitengewone land is waar dit lyk of mense altyd bo die uitdagings uitstyg en verenig sodra dit moeilik gaan.



Mnr. Arrie Rooi woon in Londen.

"Op verskeie vorige geleenthede het skeptici verwag die land sal in chaos verval, maar al die struikelblokke is nog altyd oorkom.

"Dié keer was dit dieselfde. Dit was 'n geleentheid om op trots te wees en ek was beslis trots om 'n Suid-Afrikaner te wees."

Sy sê hulle het Australië toe verhuis ter wille van die kinders se toekoms. Nie net oor werksgeleenthede nie, maar ook oor misdaad.

Mnr. Fuad Bagus, 'n gewese inwoner van die Strand en senior sagteware ingenieur, was net so trots op sy geboorteland. Veral die internasionale blootstelling behoort die land goed te doen, meen hy. "Mense hier (in Nieu-Seeland) het gesê: 'wat 'n mooi plek, die media wys ons nooit genoeg daarvan nie.' "

Mnr. Arrie Rooi, 'n verpleër in Londen, sê die koerante in Brittanje was vol lof vir die toernooi.



Mev. Sharon Kimber (middel), wat saam met haar gesin in Australië gaan nes skop het. Van links is André Cloete, Sharon, Lauren Kimber, Zachary Cloete en Dean Cloete, met die Iluka-strand in Perth, Wes-Australië, in die agtergrond.

Mnr. Fuad Bagus, oorspronklik van die Strand, woon nou in Nieu-Seeland. Auckland City is in die agtergrond.

"Suid-Afrikaners het weer eens gewys ons kan saamwerk as dit saak maak."

Maar nie een van die ondervraagdes sal sommer terugkeer nie, veral om ekonomiese redes en veiligheid.

Me. Alana Bailey, hoof van die burgerlike inisiatief AfriForum se Kom huis toe-veldtog, sê baie van die uitgewekenes gaan die kat eers deeglik uit die boom kyk voordat hulle enige besluite oor terugkeer

saf neem.

Volgens me. Martine Schaffer, besturende direkteur van die Homecoming Revolution, is dit te vroeg om te bepaal of mense gaan terugkom, maar sy verwag dit gaan gebeur.

Volgens mediaberigte is die gety besig om te draai, met kundiges wat weer dink oor hul planne om die land te verlaat, hoofsaaklik oor die suksesvolle aanbieding van die Sokkerwêreldbeker. *Business Day* het verwys na 'n peiling deur die werwingsmaatskappy Mindcor wat bevind het die primêre rede vir *mense se terugkeer was nie die ekonomiese* resessie nie, maar die verlange na familie en vriende tuis. Hulle wil ook 'n rol in die ontwikkeling van die land speel.

Bailey sê egter tydens en na afloop van die Wêreldbeker het die aantal navrae van mense wat oorweeg om terug te kom naastenby dieselfde gebly as wat dit ander jare in Junie en Julie was.

"Die mense in die Suidelike Halfrond kom selde terug omdat dit geweldig duur is. Dié in die noorde kom selde terug tussen Mei en Augustus omdat dit die lekker warm vakansiemaande is en hulle vir oulaas vakansie hou voordat hulle finaal terugkom of navraag doen oor die terugkeerproses."

Anders as in die bevinding van die Mindcor-peiling, sê Bailey die resessie laat mense wel oppak en "huis toe" kom. "Voor WB 2010 het mense ook teruggekom om te help *met infrastruktuurprojekte, soos* die stadions, paaie en die Gautrein, so in daardie opsig het die sokker beslis gehelp.

"Nou kry ek die indruk die mense bly oor die algemeen aan waar hulle is en kyk wat met Suid-Afrika se ekonomie gebeur ná die sokker, voor hulle finaal besluit."